ONGEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2009

NWK BEHAAL BESTE WINS IN SY 100STE BESTAANSJAAR

+ 58,7%
Wins

+ 13,5%
Netto batewaarde

+ 109,7%
Inkomste

KOMMENTAAR

Die uitstekende oes, met die gepaardgaande hoë benutting van opbergings- en ander fasiliteite, die benutting van besigheidsgeleenthede en die verbreding van markaandeel, vind neerslag in die beste wins ooit.

Die styging in kommoditeitspryse gedurende veral die eerste helfte van die jaar, tesame met volumegroei en uitbreiding van handelsaktiwiteite, het die inkomste van die NWK-groep met 109,7% laat toeneem tot R6,6 miljard vergeleke met die ooreenstemmende tyd die vorige jaar. Die nabelaste wins het met 58,7% toegeneem tot R169,4 miljoen.

Kontantvloei is negatief as gevolg van hoër bedryfskapitaalbehoeftes, veral vanweë die geweldige styging in insetkoste vir produsente en daarby die finansiering van uitbreidings en ander projekte.

Die Nywerheidsegment is negatief geraak deur die drastiese afname in kommoditeitspryse en algemene verswakking in die vraag na produkte gedurende die tweede helfte van die jaar. Waardedalingsaanpassings moes gemaak word, wat die segment se bydrae tot die groepwins beperk het. Die vooruitsigte vir die komende jaar is egter positief.

Die Graan-, Krediet- en veral die Handelsegment het uitsonderlik presteer met verskeie strategiese aksies wat tot uitvoer gebring is.

Die vestiging van Opti Chicks (broeiery) verloop volgens plan, koste is binne begroting en die verwagting is dat volle kapasiteit van 500 000 kuikens per week teen Mei 2010 gelewer sal word.

VOORUITSKOUING

Die wêreld het dramaties verander die afgelope jare, maar dié jaar sal moontlik onthou word as een van die meer uitdagende periodes in die wêreld ekonomiese geskiedenis met die globale finansiële krisis...waarvan ons dalk nog nie die omvang besef nie. Te midde van die onsekerheid verwag NWK 'n gemiddelde oes maar die lae graanpryse gaan 'n negatiewe impak hê op die terugbetaalvermoë van produsente, wat oorlaatskuld kan laat styg. NWK is egter positief oor landbou en ons besigheidsmodel skep ruimte om te kapitaliseer op geleenthede, wat juis in hierdie tye benut kan word.

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	28 Februarie 2009 (onge-ouditeer) R'000	29 Februarie 2008 (geouditeer) R'000
Bates		
Niebedryfsbates	**355 144**	288 948
Niefinansiële bates	**278 299**	196 533
Finansiële bates	**76 845**	92 415
Bedryfsbates	**1 996 121**	1 218 336
Niebedryfsbates vir verkoop gehou	**117**	-
Totale bates	**2 351 382**	1 507 284
Ekwiteit en laste		
Ekwiteit	**1 028 793**	906 666
Aandelekapitaal	**143 032**	143 032
Reserwes	**885 761**	763 634
Niebedryfslaste	**10 137**	10 272
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid	**9 825**	9 425
Langtermynlenings en -voorsienings	**312**	847
Bedryfslaste	**1 312 452**	590 346
Totale ekwiteit en laste	**2 351 382**	1 507 284

INKOMSTESTAAT

Inkomste	**6 631 490**	3 163 108
Wins voor finansieringskoste	**313 501**	177 780
Finansieringskoste	**(75 538)**	(24 005)
Wins na finansieringskoste	**237 963**	153 775
Inkomste erken volgens die ekwiteitsmetode van verantwoording	**2 437**	697
Wins voor inkomstebelasting	**240 400**	154 472
Inkomstebelasting	**(71 004)**	(49 521)
Wins uit voortgesette bedrywighede	**169 396**	104 951
Wins uit eindigende bedrywighede	**22**	1 830
Wins vir die jaar	**169 418**	106 781

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

Wins vir die jaar	**169 418**	106 781
Ander omvattende inkomste	**29**	5 981
Totale omvattende inkomste	**169 447**	112 762

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

Totale omvattende inkomste	**169 447**	112 762
Verandering van belang in geassosieerde maatskappy	**(119)**	-
Dividende betaal	**(47 201)**	(44 340)
Netto verandering in ekwiteit	**122 127**	68 422

VERHOUDINGS

Netto batewaarde per aandeel (sent)	**719,3**	633,9
Dividend per aandeel betaal (sent)	**33,0**	31,0
Dividend per aandeel verklaar (sent)	**20,0**	23,0
Verdienste per aandeel (sent)	**118,4**	74,7
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik	**143 031 971**	143 031 971

DIVIDEND

Die direkteure stel 'n finale dividend, dividend nommer 27, van 20 sent per aandeel voor wat betaalbaar is aan alle aandeelhouers wat by kantoorsluiting op 29 April 2009 in die boeke van die maatskappy geregistreer is. Die dividend is onderworpe aan goedkeuring daarvan deur die aandeelhouers op die Algemene Jaarvergadering, is betaalbaar op of om en by 3 Julie 2009, en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

KONTANTVLOEISTAAT

	28 Februarie 2009 (onge-ouditeer) R'000	29 Februarie 2008 (geouditeer) R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(468 306)**	(69 884)
Kontantvloei uit bedrywighede	**(379 803)**	(20 013)
Finansieringsinkomste	**111 582**	71 254
Finansieringskoste	**(75 538)**	(24 006)
Inkomstebelasting betaal	**(77 346)**	(52 779)
Dividende betaal	**(47 201)**	(44 340)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(58 422)**	(82 582)
Eiendom, aanleg en toerusting gekoop	**(88 054)**	(21 432)
Beleggingseiendom gekoop	**-**	(350)
Ontasbare bates gekoop	**(1 958)**	-
Belang in filiale gekoop	**-**	(8 615)
Belang in geassosieerde maatskappy gekoop	**(75)**	-
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	**5 233**	3 698
Lenings	**26 403**	(55 949)
Dividendinkomste	**29**	66
Kontantvloei uit finansierings-aktiwiteite	**(19 931)**	146 646
Korttermynlenings	**(18 373)**	144 252
Langtermynlenings	**(1 558)**	2 394
Verandering in kontant en kontantekwivalente	**(546 659)**	(5 820)

SEGMENTONTLEDING

Segmentinkomste	**6 631 490**	3 163 108
Graandivisie	**4 532 428**	1 346 100
Handel	**1 608 862**	1 146 283
Nywerhede	**1 439 825**	1 077 978
Kredietverskaffing	**170 587**	102 785
Konsolidasie-aanpassings	**(1 120 212)**	(510 038)
Segmentresultate	**240 400**	154 472
Graandivisie	**73 418**	14 078
Handel	**112 830**	50 661
Nywerhede	**10 082**	61 669
Hoenderboerdery	**(2 033)**	(41)
Kredietverskaffing	**81 761**	57 159
Netto korporatiewe uitgawes	**(33 087)**	(30 880)
Konsolidasie-aanpassings	**(2 571)**	1 826

DIREKTEURE EN AMPTENARE

H Krüger (Voorsitter), L Vermooten (Ondervoorsitter), FH Badenhorst, JP du Preez, JF van der Merwe en CF van Niekerk.

DF Marais (Besturende Direkteur), JA Grobbelaar (Direkteur: Graan), DW Lotter (Direkteur: Handel), TE Rabe (Finansiële Direkteur), PD Jacobs (Hoofbestuurder: Nywerhede/Filiale) en JG Steyn (Groepsekretaris).

MAGTIGING

Die gekonsolideerde resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 is deur die Direksie vir uitreiking gemagtig en word namens hulle onderteken deur:

H Krüger (Voorsitter)
29 April 2009

DF Marais (Besturende Direkteur)

ADMINISTRASIE

Geregistreerde naam en nommer
NWK Beperk – 1998/007577/06

Geregistreerde adres
Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740
Posbus 107, Lichtenburg, 2740

Aandeleverhandeling en oordragsekretaris
NWK Sekretariaat, Posbus 107, Lichtenburg, 2740

U tevredenheid is ons trots

infoworks (018) 468-2716